Graad 10: Ekonomie opdrag 5 Datum: 08/07/2020

Naam en Van: .....

TERMINOLOGIE

Gee die korrekte term vir elk van die volgende omskrywings.

Hierdie ekonomiese vertakking konsentreer op die gedrag van firmas, huishoudings en individuele verbruikers.

Hierdie goedere word gebruik om ander goedere en dienste te produseer.

'n Familie wat saamleef en gesamentlik besluite neem

Eksterne faktore wat die sakesiklus van buite beïnvloed, bv. tegnologiese skokke, klimaattoestande en natuurlike rampe

Die ekonomiese vertakking wat die gedrag van die individuele besluitnemingseenhede van die ekonomie soos huishoudings, ondernemings en individuele verbruikers bestudeer

Dit is goedere met 'n hoë waarde, soos masjinerie en gereedskap wat gebruik word om ander goedere te produseer.

Dit is die belasting wat deur huishoudings en besighede op hulle inkomste betaal word.

Sakesiklus-aanwysers wat aandui wat in die toekoms met ekonomomiese aktiwiteite kan gebeur

Dit is 'n vertakking in die ekonomie wat die somtotaal van die ekonomie as geheel bestudeer bv. die indiensnemingskoers

Dit is al die mense wat saam leef en wat as 'n familie gemeenskaplike ekonomiese besluite maak

'n Metode van handel wanneer een produk of diens (kommoditeit) vir 'n ander produk of diens (kommoditeit), met dieselfde waarde, verruil word

'n Fase of sektor waar grondstowwe wat vanaf die primêre nywerhede verkry word, omskep word in produkte geskik vir verbruikers

Dit is finansiële instellings wat as skakel dien tussen mense wat deposito's maak en mense wat lenings aangaan

Persone wat gewillig en geskik is om te werk maar nie 'n werk kan kry nie

'n Sektor wat goedere en dienste teen 'n goedkoper prys aan huishoudings verskaf

Hierdie is skaars wanneer dit onvoldoende is om al ons behoeftes en begeertes te bevredig

Die fasiliteite wat voorsien word om te verseker dat ekonomiese aktiwiteit kan plaasvind, bv. paaie, lughawens en telefoonlyne

Handel waar geld gebruik word om vir goedere te betaal

Gereedskap wat in vroeëre gemeenskappe gebruik is om grond te bewerk

Entrepreneurs wat besighede begin om hulself in diens te neem, soos familie-besighede of straatverkopers

Totaal 20